

# Die verskuiwing van A2- en A3-assesserings na 'n aanlyn platform in Julie 2021




In ons huidige situasie is die A2-assesserings, waaronder die afneem van die eksamens onder toesig en al die ander aanlyn assesserings, opgeskort. Alle nagraadse assesserings is uitgestel. Die A2- en A3-assesserings word ná die reses hervat en sal aanlyn plaasvind. Inligting oor 'n A4-assesseringsgeleentheid sal mettertyd deurgegee word ([Prof Stan du Plessis, kennisgewing van 28 Junie 2021](#)).

Hierdie dokument bring adviseurs se assesseringsadvies en -leiding oor onderrig en leer, leertegnologie en leertegnologiesteun byeen ten einde die billikheid van die A2- en A3-assesseringsgeleenthede en die integriteit van die assesserings te beskerm en die oorlading van die SUNLearn-platform te verhoed. Ons belangrikste advies is om aanlyn assesseringsopdragte te ontwerp as oopboek-opdragte, met die klem op hoëorde-denke, eerder as om gesloteboek-, herroepingsopdragte te gebruik.

Die onderstaande infografika word as 'n dinkhulpmiddel aangebied om u met u besluite en optrede te ondersteun:

## Assessering: JULIE 2021

Start with what you have. If you had planned assessment that was going to be:

 <b>uninvigilated online</b>	Assuming that your assessment is open-book ready and that you have considered ways of ensuring the integrity <ul style="list-style-type: none"><li>• you do not need to make any adjustments</li></ul>
 <b>invigilated online</b>	Is your assessment open-book ready? If not, <ul style="list-style-type: none"><li>• reconsider the questions in terms of both content and type</li></ul>
 <b>invigilated face-to-face</b>	Is your assessment open-book ready? If not, <ul style="list-style-type: none"><li>• reconsider the questions</li><li>• select the most appropriate online tools</li></ul>

for help with

- reconsidering your questions, contact your CTL advisor
- selecting the most appropriate online tools, contact your BLC

\* Die besonderhede van die SOL-adviseurs en GLK's verskyn [hieronder](#).

## SUNLearn-hulpbron vir aanlyn assessering

Die [Lecturer Support for Teaching Online](#)-bladsy op SUNLearn bied algemene advies oor [assessering](#) tydens die COVID-19-tydperk van Noodafstandsonderrig, -leer en -assessering (ERTLA) / Aangepaste afstandsonderrig, -leer en -assessering (ARTLA). 'n Verskeidenheid teksgebaseerde hulpbronne asook opnames van verskeie webinaarreekse oor aanlyn assessering is beskikbaar:

### 1. [Webinaaropnames](#)

2. [Assesseringshulpbron](#)
3. [Formatiewe assessering en terugvoer](#)
4. [Rubriekontwerp en -gebruik](#)
5. [Die gebruik van meerkeusevrae](#)

## Algemene assesseringsriglyne en SUNLearn-hulpmiddels

'n Inleweringstyd van 30 minute is van toepassing op alle assesseringsopdragte wat aanlyn ingedien moet word. Studente moet ingelig word dat dit nie ekstra skryftyd is nie, maar tyd vir die inlewering van opdragte via stadige internetverbindinge (Senaatsbesluit, 2020). Indien studente in daardie tyd probleme ondervind, kan hulle hul fakulteit se nood-e-posadres kontak (kyk "Fakulteit se nood-e-posadresse" aan die einde van hierdie dokument).

Ons moedig u aan om studente die geleentheid te bied om proeftoetse af te lê, veral eerstejaarstudente, sodat hulle vóór die formele A2-/A3-assesseringsgeleentheid met assessering in die aanlyn omgewing vertrou kan raak.

Ons stel voor dat u die vasvra-, werkstuk- en Turnitin-werkstukhulpmiddels op SUNLearn gebruik. Dit bied dosente ondersteuning met die opstel van gepaste en optimaal funksionerende SUNLearn-assesserings vir A2 en A3 2021 (raadpleeg [Technical Guidelines for SUNLearn Assessments](#) en [How to Guide](#) op die [Lecturer Support for Teaching Online](#)-bladsy).

Gegewe die lesse wat ons tydens ons vorige ervaring met nood- aanlyn assesserings geleer het, benadruk ons graag die volgende twee aspekte:

- Is die gekose assesseringsaktiwiteit in SUNLearn die mees geskikte om die gestelde uitkomst te assessee en word daar aan die beginsels van [goeie assessering](#) aan die US voldoen?
- Is die gekose assesseringsaktiwiteit opgestel vir optimale bruikbaarheid en stabiliteit op SUNLearn?

## Inprop-toepassing vir akademiese integriteit en eerlikheid

Na aanleiding van aangemelde voorvalle van bedrog tydens aanlyn toetse en eksamens op SUNLearn, en om te verhoed dat sodanige voorvalle herhaal, het die Universiteit se Komitee vir Inligtingstegnologie-kommunikasie in Onderrig en Leer 'n stel reëls en regulasies goedgekeur wat studente moet aanvaar vóór hulle toegang tot assesserings van hierdie aard mag kry (kyk die kennisgewing oor [Academic Integrity in Online Assessment](#)).

Die inprop-toepassing vir eerlikheid met aanlyn assesserings (bygewerk in Augustus 2020) is op SUNLearn geïnstalleer om te verseker dat studente verplig word om 'n vrywaring te lees en te aanvaar vóór hulle met 'n toets of eksamen mag begin. Studente wat nie hieraan voldoen nie, word aan dissiplinêre stappe onderwerp indien hulle hierdie voorwaarde tydens aanlyn assesserings oortree.

Instruksies oor hoe om dié stel reëls in te sluit en die inprop-toepassing oor eerlikheid vir 'n vasvra te aktiveer, asook inligting oor hoe om te verseker dat u studente die US se verbintenis tot akademiese integriteit erken en instem daartoe om dit te handhaaf, is beskikbaar by [Unsupervised Online Assessment Disclaimer](#).

## Skeduleringsreëlins

Eksamenskedulering word deur die Registrateursafdeling (Eksamens en Roosters) hanteer en word bygewerk namate nuwe inligting beskikbaar kom. U kan ook die Visedekaan (Leer en Onderrig) in u fakulteit raadpleeg.

Alle assesseringsbesonderhede word deur die fakulteite se Gemengdeleer-koördineerders (GLK's) versamel en by die assesseringskalender gevoeg.

## Ondersteuningsinligting

Fakulteit	Gemengdeleer-koördineerder (GLK)	Sentrum vir Onderrig en Leer-(SOL)adviseur
AgriWetenskappe	<b>Naam:</b> Me Kathryn Wirth <b>E-pos:</b> <a href="mailto:wirthk@sun.ac.za">wirthk@sun.ac.za</a>	<b>Naam:</b> Me Charmaine van der Merwe <b>E-pos:</b> <a href="mailto:cvandermerwe@sun.ac.za">cvandermerwe@sun.ac.za</a>
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	<b>Naam:</b> Me Magda Barnard <b>E-pos:</b> <a href="mailto:magdabarnard@sun.ac.za">magdabarnard@sun.ac.za</a>	<b>Naam:</b> Dr Gert Young <b>E-pos:</b> <a href="mailto:gyoung@sun.ac.za">gyoung@sun.ac.za</a>
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	<b>Naam:</b> Me Mariette Volschenk <b>E-pos:</b> <a href="mailto:mvolschenk@sun.ac.za">mvolschenk@sun.ac.za</a> <b>Naam:</b> Me Kanita Brits <b>E-pos:</b> <a href="mailto:ebrits@sun.ac.za">ebrits@sun.ac.za</a>	<b>Naam:</b> Dr Gerda Dullaart <b>E-pos:</b> <a href="mailto:gdullaart@sun.ac.za">gdullaart@sun.ac.za</a>
Ingenieurswese	<b>Naam:</b> Me Brigitte Pegado <b>E-pos:</b> <a href="mailto:brigittepegado@sun.ac.za">brigittepegado@sun.ac.za</a>	<b>Naam:</b> Dr Karin Wolff <b>E-pos:</b> <a href="mailto:wolffk@sun.ac.za">wolffk@sun.ac.za</a>
Krygskunde	<b>Naam:</b> Me Kristin van der Merwe <b>E-pos:</b> <a href="mailto:kristin@ma2.sun.ac.za">kristin@ma2.sun.ac.za</a>	<b>Naam:</b> Dr Nicoline Herman <b>E-pos:</b> <a href="mailto:nherman@sun.ac.za">nherman@sun.ac.za</a>
Lettere en Sosiale Wetenskappe	<b>Naam:</b> Mnr Lennox Olivier <b>E-pos:</b> <a href="mailto:lennox@sun.ac.za">lennox@sun.ac.za</a>	<b>Naam:</b> Dr Karin Cattell-Holden <b>E-pos:</b> <a href="mailto:kcattell@sun.ac.za">kcattell@sun.ac.za</a>
Natuurwetenskappe	<b>Tot 31 Julie 2021:</b> <b>Naam:</b> Mnr Lennox Olivier <b>E-pos:</b> <a href="mailto:lennox@sun.ac.za">lennox@sun.ac.za</a> <b>Vanaf Augustus 2021:</b> <b>Naam:</b> Dr Ilse Rootman-le Grange <b>E-pos:</b> <a href="mailto:ilser@sun.ac.za">ilser@sun.ac.za</a>	<b>Naam:</b> Dr Hanelie Adendorff <b>E-pos:</b> <a href="mailto:hja@sun.ac.za">hja@sun.ac.za</a>

<b>Opvoedkunde</b>	<b>Naam:</b> Me Delecia Davids <b>E-pos:</b> <a href="mailto:deleciad@sun.ac.za">deleciad@sun.ac.za</a>	<b>Naam:</b> Dr Anthea Jacobs <b>E-pos:</b> <a href="mailto:jacobsa@sun.ac.za">jacobsa@sun.ac.za</a>
<b>Regsgeleerdheid</b>	<b>Naam:</b> Me Alma Coertzen <b>E-pos:</b> <a href="mailto:almac@sun.ac.za">almac@sun.ac.za</a>	<b>Naam:</b> Me Claudia Swart <b>E-pos:</b> <a href="mailto:claudias2@sun.ac.za">claudias2@sun.ac.za</a>
<b>Sakeskool</b>	<b>Naam:</b> Mnr Macdonald Chapwanya <b>E-pos:</b> <a href="mailto:macdonald@usb.ac.za">macdonald@usb.ac.za</a>	
<b>Teologie</b>		<b>Naam:</b> Me Jean Farmer <b>E-pos:</b> <a href="mailto:jeanlee@sun.ac.za">jeanlee@sun.ac.za</a>

## Bykomende steun

<b>Leer- en tegnologiesteun (en hulp met toegang tot SUNLearn)</b>	SUNLearn Hulptonbank: <a href="https://learnhelp.sun.ac.za">https://learnhelp.sun.ac.za</a>
<b>Taalsentrum</b>	Diens vir aanlyn leer en onderrig: <a href="http://www0.sun.ac.za/languagecentre/?p=3111">http://www0.sun.ac.za/languagecentre/?p=3111</a>
<b>Kantoor vir Studente-terugvoer</b>	Versoek vir die Elektroniese Studente-terugvoervorm: <a href="http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/ctl/student-feedback">http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/ctl/student-feedback</a>
<b>Sentrum vir Studentevooriging en -Ontwikkeling</b>	<a href="http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/student-affairs/cscd">http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/student-affairs/cscd</a>
<b>Eenheid vir Gestremdhede (EG)</b>	<a href="http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/student-affairs/cscd/disabilities">http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/student-affairs/cscd/disabilities</a>
<b>Internasionale Kantoor</b>	<a href="http://www.sun.ac.za/english/SUInternational/international-students">http://www.sun.ac.za/english/SUInternational/international-students</a>
<b>Akademiese Beplanning en Gehalteversekering (ABG)</b>	<a href="https://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/learning-teaching-enhancement/APQ/Pages/Home.aspx">https://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/learning-teaching-enhancement/APQ/Pages/Home.aspx</a>
<b>Studentesteun</b>	Aanlyn leer- en onderrigsteun vir studente: <a href="http://www.sun.ac.za/english/online-teaching-support-students">http://www.sun.ac.za/english/online-teaching-support-students</a>

## Fakulteit se nood-e-posadresse

Op aanbeveling van die Ombud is 'n e-posadres vir elke fakulteit geskep sodat **studente wat tegniese probleme ondervind** met die oplaai van hul assessering op SUNLearn 'n noodroete het vir die inlewering binne die toegelate tyd van 30 minute, of binne die vasvra-tydgleuf. Aangesien hierdie e-posadres bedoel is vir die inlewering van lêers, kan dit slegs gebruik word waar daar van studente verwag word om 'n lêer in te dien (byvoorbeeld 'n Turnitin-werkstuk, 'n werkstuk/opstel, of 'n vasvra-tipe vraag) wat vir die inlewering van lêers voorsiening maak. Elke fakulteit se e-posadres is gekoppel aan hul GLK-/Ontwerper vir aanlyn leer, byvoorbeeld SubmitFASS, Submit ENG.

Vir u fakulteit se nood-e-posadres en -riglyne, skakel asseblief met u GLK/Visedekaan (Onderrig en Leer).